ARMOEDE BEDIENING

ABSA Derdepoort Spaarrekening: 9167030529. Verw. : Armoede
Reg no: 053-086-NPO

08 November 2009
Volume 51

CODONIA ST 735, Waverley, 0186
www.armoedebediening.co.za hans@armoedebediening.co.za 0832697082 Kantoor: 0127558199
Na ure skakel: Lettie, 0728517041

BINNE KAN U LEES

1 Sukses verhale by Maranata.....bl2
2 Briewe boekie bl3
3 SA School of Coockery se.....bl 4
4 Talisman bied groot hulp aan.....bl 4

Doulos vriende wil weet van my gesondheids toestand: Ja ek is gediagnoseer met Nie-Hodgkinlimfoom(NHL). Ek het begin met chemo en my hare het uitgeval. Die beste hiervan is dat ek meer as ooit probeer om mense te help om vir mekaar om te gee en vir mekaar lief te wees

Prognose en algemeen: By die vroeë stadium 1 passiënt met laegraadse limfoom kan tot 60% van pasiënte die tien jaar oorlewing bereik. Dit is egter moeilik om die effek van terapie te bepaal,want selfs sonder behandeling kan passiente baie lank leef. . Dit is egter baie moeilik om van "genesing" te praat by passiente met laegraadse limfoom. Die tumor reageer goed, maar is geneig om weer terug te kom, en n mens praat eerder van goeie beheer vir lang periodes. Liefdegroete in Hom wie ons eerste liefgehad het. hans

Hans Janse van Rensburg

01/11 Jannie Gouws van Queenswood bring een karton met verskeidenheid goedere, kombuisware, twee tasse en boeke

03/11 Tina Minnaar van Rente Park een sak klere en twee kartonne met lekkers. Die lekkers word geoormerk vir die 05/12 wanneer dit Kersfunksie is by die Silwer valke se rugby klub. Nog 'n vriendin skenk sowat elf kartonne en sakke met netjiese klere. Hierdie hele gemeenskappie werk saam om 'n verskil te maak onder mense wat dit baie nodig het. Hulle ry letterlik van huis tot huis om enige iets in te samel vir Doulos en sy werksaamhede

04/11 Bernie Venter van Kilner park bring klere, drukker in werkende toestand en verskeidenheid. Die drukker word geskenk vir iemand wat tik en drukwerk doen tuis

04/11 Bronkhorstspruit: Ta Bettie van Goudpark stuur vir ons daardie beroemde lekker sop en nogal 15Kg gevriesde pakkies. Ta Corrie Botes stuur een sakkie leë houertjies, twee sakke en een karton met klere. Lelanie stuur een sakkie met skoene

04/11 C Gouws van Montana aftree oord bring een sakkie met skoene twee sakke met boeke en een ras met klere

04/11 At Fourie van Innes dale bring vyf sakke met klere

04/11 Rensie van Tonder van Pretoria-Noord bring vir ons die immer nodige rystoel wat gegee gaan word aan 'n persoon wat lank in lyn wag vir 'n stoel. ons ontvang ook tien sakke met klere en linne

Daan Lensley, eienaar van Maranatha Sorgsentrum het vaste werk gekry vir Dick Wheeler by Tswane Electrical. Hy was meer as twee jaar sonder 'n vaste inkomste, en werk tans 'n volle jaar by Tswane Electrical. Hy en sy vrou is baie dankbaar want dit het regtig nie goed met hulle gegaan met finansies nie, en Hannetjie, Dick se vrou help ook mense in die Vastfontein omgewing met kos en tydelike verblyf.

Doulos Armoedebediening het vir Maranatha Sorgsentrum drie werkende breimasjiene geskenk wat tans gebruik word deur Tannie Corrie wat ook ander dames in die sentrum leer hoe om te brei met die masjiene. Hans het ook ons ge-inspireer om nie klein te bly nie en om die sentrum te bemark. Doulos het ander items geskenk vir die kombuis, baie boeke, ander bruikbare items in en om die huis asook vleis en gevriesde sop, kruideniersware vir almal in die nedersetting wat die inwoners baie waardeer het in die koue winter wat ons gehad het.

JP Prinsloo was 'n inwoner van Maranatha wat ook 'n vaste betrekking gekry het by Cassie in Bultfontein omgewing. JP doen takies in en buite die plaas en is baie gelukkig met die werk wat hy doen en hy het ook trots sy eie woonstel.

Daan en John wat inwoners is by die sentrum het by Trompie se skaapplaas takies gedoen en Trompie was baie be-indruk deur die netjiese werk wat hulle gedoen het dat hy hulle nog werkies gegee het. Hulle glimlag breed oor die betaling wat hulle ontvang en Trompie is gewillig om hulle nog werkies in die toekoms te gee en om vir ander mense van hulle talente te vertel. Daan en John werk netjies en doen bouwerk, sweiswerk en amper enige iets.

Daan Lensley se mikpunt is om mense te help werk kry in die rigting waarin hulle gekwalifiseerd is. Sethlare All Out Air gebruik daagliks mense van die sentrum en betaal hulle daglone. Vaste betrekkinge is 'n moontlikheid vir diegene wat hulleself kan bewys.

Andre en sy twee seuns, Vernon en Zürich werk baie hard op die erf by Maranatha sentrum help om die die storte en mans toilette buit te help bou. Andre se seuns is 16 en 18 en Vernon het vir een week motors opgepas op 'n perseel. Die eienaar was baie be-indruk en het belowe om 'n vaste betrekking te help skep by die persoon vir Vernon.

'n kliniek wat deur die gemeenskap gebruik kan word en ook vir die ouetehuis wat op die perseel is en vir mense wat nie vervoer het na die stad nie, sal die kliniek baie help. Deur middel van 'n kompetiesie trekking waar iemand 'n Sleeper eetkamerstel met agt stoele kan wen, poog ons om fondse in te samel ten einde ons drome te bereik (Kaartjies is by Doulos se kantore beskikbaar en verkoop teen R20 'n kaartjie. Mense moet die gewig raai van die stel).Baie swaar

Daan en Marlène wil graag baie dankie sê aan almal wat dit vir ons moontlik maak om minder-bevoorregtes te kan help. Sonder julle hulp en ondersteuning sou dit vir ons moeilik gewees het. Ons bedank die volgende: Doulos, Ng Kerk Morelettapark, die Groentemark in Tswane en oom Heckler wat in Waverley bly en elke week vir ons brood gee en skenkings van oral.

'n Nuwe projek is om groentetuine te maak en dan met ouetehuise in Pretoria te deel wat dit nodig het sodat ons die ou mense kan probeer gesond hou met groene en om die inwoners van Maranatha besige te kan hou met iets nuttig en waardevol.

Ons by Maranatha verwelkom enige persoon wat die mense hier woonagtig iets kan aanleer bv. Sweis, houtwerk, naaldwerk sodat ons kan inkomste genereer uit hierdie werkies.

Die SA School of Cookery wat vir ons die muffins en vrugtesap aanbied het my nou geskakel met die volgende vir ons program:

1. Hulle wil vyf mense selekteer van die 1000 wat gaan kom (as hulle daar aanland)
2. Hulle gaan dan vir hierdie vyf mense elkeen 'n mandjie met bestandele gee en 'n resep
3. Daar gaan dan lootjies uitgesit word waar mense dan kan wed wie dink hulle gaan die beste dis vorendag bring. Hulle het voorgestel dat die lootjies byvoorbeeld R20 kos
4. Ons kan dan die mense voorstel op die verhoog wat gaan kook en almal nooi om te kom dophou as hulle kook asook mense aanmoedig om lootjies te koop
5. So by 11:00 kan die kokery dan begin en hulle kan besigtig word waar hulle besig is om te kook
6. Die wenner word dan aangewys na afloop daarvan en SASOC sal die persoon en die familie dan beloon met 'n drie-gang maaltyd by hulle perseel

Ek dink regtig dit is 'n oulike idee en wat ons defnitief op ons program kan voeg vir die dag. Die geld wat hulle dan in deur middel van die lootjies skenk hulle dan aan Doulos nadat hulle hulle kostes afgetrek het vir die bestandele.

Hi Liewe Liza

Ek wil net vir jou baie baie sê vir die klere en gordyne wat jy vir Doulos Oos-Rand geskenk het. Ek weet dat hulle dit goed sal gebruik want alles wat jy gegee het is nog in 'n baie goeie toestand.
Baie Dankie
Liefde
Kobie

Geagte Vriend
Doulos wil eerstens van hierdie geleentheid gebruik maak om u opreg te bedank as belanghebbendes vir u volgehoue en onbaatsugtige bydraes gedurende hierdie jaar om ons werksaamhede 'n sukses te maak. Sonder u sal ons nie kon doen wat ons het nie.
Die 5e Desember 2009 is dit weer oudergewoonte tyd vir ons jaarlikse Kersfunksie. Hierdie jaar is dit 1000 mense

Plek: Silver Valke Rugbyklub (h.v. Pretoria Weg en Roestoff straat, draai links in Roestoff uit Pretoria Weg, draai onmiddellik weer regs, en volg die pad tot by die hek van die Klub)
Tyd: 09.00 – 15.00 (Middagete 13:00)
Datum: 5 Desember 2009

Hello
Ek het nog mense wat belangstel om daai dag te help, my pa se sel groep. Ek wil graag weet of daar nog iets is of wat die behoefte is, poeding of wat ook al.
Lekker naweek.
Groete
Lize-Marie
Ons waardeer dit en ons volg dit op met jou. Redakteur

Geagte Pieter
Weereens baie baie baie dankie vir die aanbod van die nagereg(1000 bakkies) vir ons Kersfunksie! Dit is voorwaar 'n gebed wat verhoor is! Vind asseblief aangeheg die uitnodigings brief na ons Kersfunksie toe met al die besonderhede wat julle mag nodig hê.
Ons wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om julle te vra of dit moontlik sal wees vir Doulos om 'n aanbieding te kom maak in julle gemeente sodat julle eerstehands kan ervaar waarmee ons besig is en wat dit alles behels? Enige datum sal reg wees, julle kan maar net laat weet!
Baie dankie
Heleen Huyser
Doulos
0824438874

Baie dankie dat julle ons moontlik kan bystaan met ons jaareind Kersfunksie.
Ons bied die funksie aan by die Silwervalke se rugby klub in Silverton op die 05 Desember 2009.Daar is 1000 mense vir wie ons Kersgeskenke gaan gee, daar sal 4 Kers vaders wees
Daar word beplan vir ± 1200 etes, dit is in die vorm van 'n potjie. Daar gaan boere sport wees. Daar gaan pamperlang wees vir hare en voete.
Daar gaan kunstenaars optree. Die bogenoemde is maar 'n paar dinge wat in die dag se verrigtinge ingebou is. Wat het ons nodig? Voorbidding dat hierdie dag 'n groot sukses sal wees:

1. *Span wat 'n potjie wil bou*
2. *Lekkers vir kinders*
3. *Geskenke vir oupas en oumas*
4. *Geskenke vir Mammas en Pappas(beslis nie duursaam nie)*
5. *Koeldranke, verkieslik blikkies*
6. *Mense wat die dag wil help om dinge vlot te laat verloop. Hans*

Hallo oom Hans,
Hoe gaan dit met oom? Hoop nie die chemo kry oom onder nie. Wou net hoor wat het julle toe besluit oor die corporate gifts. Ek het ook vir oom die invoice ge mail van die twee borde. Hoop oom kan dit oop maak.
Lekker daggie vir oom.
Tanya
Ons gaan voort en alle hulp word opreg waardeer. Redakteur

Goeie more Hans baie sterkte met die chemo behandeling vandag ek Bid dat dat die pyn sal opklaar en jy kan weet ons gemeente Bid vir jou elke dag hartlike groete Koos Naude Zuurfontein

Beste Hans
Net om te bevestig dat ons vir behoeftige volksgenote gratis brille (en oogtoetse) verskaf. As u tussen u kinders sulke gevalle kan identifiseer sien ons hulle graag. Groetnis en seën Flip Bruwer
Flip, die Here seën jou en jou praktyk elke dag. Redakteur

Doulos Kersfunksie vind plaas by:
Plek: Silver Valke Rugbyklub (h/v Pretoria en Roestoff straat, Silverton) Neem Pretoriaweg in 'n Oostelike rigting en draai links in Roestoff straat. Draai onmiddellik weer regs en volg die pad tot by die Klub.
Tyd: 09.00 - 15:00 (Middagete 13:00)
Wanneer:5 Desember 2009

05/11 ***Kempton Park-Wes:*** *Kom haal klere, waaier, stoele, en ses kartonne met boeke, komberse, kussings en allerlei*

05/11 ***Omgee groep plot 10 plot ,228 en Magda se plek:*** *Kato kom haal 38 x 1Kg pakkies vleis vir die sop en ander kos wat daar gemaak word*

05/11 Magriet van Heerden van Dorandia bring een karton met klere, elektriese ketel, rakette, plastiese ware, speelgoed en ander

05/11 Andre Zeilinga van Pretoria-Noord bring allerlei

05/11 Chrissie Annandale van Wonderboom suid bring klere

05/11 ***Melgisedek:*** *Ons stuur vir hulle 20 x 1Kg pakkies vleis en 30 x 1Kg pakkies sop*

05/11 Elsa Clause bring een sakkie skoene en een sak met klere

05/11 ***Maranata Sorgsentrum:*** *Ons stuur vir hulle 117 X 1Kg pakkies vleis en gevriesde kos*

05/11 Mnr. Wilson van Gerf kerk Meyerspark stuur een tas en twee sakke met klere

05/11 Mnr. Clappen van Totiusdal skenk blikkies kos, vyf sakke klere en drie klein sakkies met klere

05/11 ***Sonskynhoekie:*** *Ontvang 14 pakkies gevriesde groente, 14 pakkies sop, vier sakke met spinasie en 76 x 1Kg pakkies vleis*

05/11 ***Vleis! Vleis! Vleis! : Bennie Botha en sy vroutjie van Weston Area bring vir ons weer 2 @ groot vrieskaste gevriesde vleis (een Hillux bakkie vol) en kruideniersware @± R3000 . Die grootste hiervan was die omgee wat hulle met hul saamgebring het***

DOULOS ARMOEDE
CODONIA st. 735
Waverley
0186

Pos adres: posbus 15270, East Lynn, 0186

Phone:
0832697082 (k) 0127558199

Fax:
0865649993
Na ure: 0728517041

E-mail:
hans@armoedebediening.co.za
Web: www.armoedebediening.co.za

Gedagte vir die dag

Wat n pragtige dag, na n wonderlike nag. Vader, skenk my tog die krag om alles te kan vermag wat hierdie nuwe dag van my verwag. Skenk my geduld as ek vir iemand wag. En as ek kwaad raak hou my stemtoon sag. Leer my om liewer vir myself as vir ander te lag, maar n glimlag te deel eerder as om vir een te wag. Maak my elke sekonde bewus van die Skepping se prag, en laat my nooit twyfel aan U Mag

Ons by Talisman Site Facilities raak graag betrokke by projekte van ons gemeenskap. Sou dit van enige hulp wees bied ons graag 10 toilette vir julle Kersprojek gratis aan. Ons sal dit (soos dit julle pas) die Vrydag 4 Desember of Saterdag oggend 5 Desember vir julle kom aflaai, en dan Maandag 7 Desember weer kom haal. Laat weet my asb. Die personeel van Talisman onderneem om 'n fondsinsameling te doen vir hierdie projek, en die skenking sal in julle bankrekening inbetaal word onder die naam van Talisman. Ons het julle versoek na verskeie organisasies gestuur en ons vertrou dat net goeie nuus uit dit uit sal spruit.
Sterkte met dit wat julle doen!
Groete, Wilma Maliepaard
Kliente Dienste
Sy goedheid ken geen maat of perke. Redakteur